UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

Instituut vir Termodinamika en Meganika – Institute for Thermodynamics and Mechanics

# *OPSOMMENDE JAARVERSLAG 2001*

Die ITM bly 'n uiters belangrike faktor in die ontwikkeling en ondersteuning van die Departement Meganiese Ingenieurswese se navorsing en onderrig, en het daarin geslaag om samewerking met die nywerheid te bevorder.

Die Eenheid vir Voertuigaandrywing (EVA), 'n eenheid binne die ITM wat in 2000 tot stand gekom het, se aktiwiteite is ook in hierdie jaarverslag ingesluit. 'n Verwante afwentelmaatskappy, Stellenbosch Automotive Engineering (Edms) Bpk (onder die handelsnaam CAE), het in 2001 tot stand gekom. Die aktiwiteite van EVA en die Binnebrandenjin Laboratorium wat nie 'n wesentlike navorsings- of nagraadse opleidingselement het nie, word in CAE gehuisves. Hierdie aktiwiteite is dus nou buite ITM en word nie in hierdie verslag ingesluit nie. CAE is die grootste nywerheidsvennoot van EVA se THRIP projekte.

Die lede van die ITM het 11 internasionale vaktydskrifartikels, 19 internasionale kongresreferate en 21 nasionale kongresreferate gelewer in 2001. Die lede het in 2001 aan 31 buitewerk-projekte gewerk, met 'n totale kontrakwaarde van sowat R4 246 690. Die ITM lede het in 1280 uur aan die projekte bestee. 'n Totaal van R1 231 954 (29% van buitewerk-inkomste) is aan nagraadse beurse, assistentskappe, toerusting, programmatuur, en wetenskaplike reise bestee. Indien die vergoeding (salarisse en konsultasie) van nie-lede ingereken word, is daar in die verslagjaar R 3 447 859 (d.w.s. 81% van inkomste) aan die ondersteuning van akademiese aktiwiteite bestee.

'n Ander baie belangrike rol waarvoor die inkomste uit buitewerk projekte aangewend word, is om oorbruggingsfinansiering vir navorsingsprojekte, veral THRIP projekte, te voorsien.

Departement Meganiese Ingenieurswese
Privaat Sak X1
7602 MATIELAND
Suid-Afrika
Tel: (021) 808 4376 Faks: (021) 808 4958
E-pos: meganies@ing.sun.ac.za

ITI STELLENBOSCH

Department of Mechanical Engineering
Private Bag X1
7602 MATIELAND
South Africa
Fax: +27 (0) 21 808 4958 Tel: +27 (0) 21 808 4376
E-mail: meganies@ing.sun.ac.za

Die nywerheidsbydraes van THRIP projekte van die lede van die ITM het in 2001 sowat R2.4 miljoen bedra. Die THRIP projekte se nywerheidsbydraes is binne ITM hanteer. Die groot uitstaande THRIP bydraes op 31 Desember bly steeds 'n bron van kommer.

Die inkomste van die ITM het in 2001 met 111% toegeneem van R 3 187 389.15 tot R6 709 891.71. Hierdie toename kan grotendeels toegeskryf word aan ‘n groot EVA/Spoornet kontrak van R3 152 700. Verdere kontrakte van hierdie aard sal egter binne CAE hanteer word. EVA se inkomste het 80% van die ITM as geheel se inkomste in 2001 uitgemaak. Die nywerheidsbydraes tot THRIP projekte het 39% van die ITM se totale inkomste uitgemaak, en 44% van EVA se inkomste.

In die afgelope paar jare is ITM se finansiële state gekenmerk deur die groot bedrag aan uitstaande debiteure, relatief tot reserwes. Die totstandkoming van die afwentelmaatskappy, Stellenbosch Automotive Engineering, en streng finansiële bestuur van EVA het tot 'n beduidende verbetering in 2001 gelei.

Graag wil ek my dank en waardering uitspreek teenoor alle persone wat 2001 'n suksesvolle jaar vir die ITM gemaak het.